Kulturele Assosiasies

Die bewer dra groot kulturele en geestelike betekenis vir plaaslike Inheemse Volke soos die Blackfoot-konfederasie (Siksika-, Piikani- en Kainai-nasies), die Tsuut'ina, Stoney Nakoda (Bearspaw-, Chiniki- en Wesley-nasies), en Métis Volke.

In baie Inheemse Volke se tradisies word diere as gelyk aan mense gesien, met alle wesens wat hul eie betekenis en simboliek in die natuurlike wêreld dra. In die Blackfoot-tradisie verteenwoordig die bewer wysheid, oorlewing en die belangrikheid daarvan om 'n mens se gawes te gebruik om gemeenskap te versterk.

Die bewer beteken baie vir die Tsuut'ina, ook bekend as die Bewermense, wat die tradisie van die Bewerbondel-seremonie voortsit. Die bewer is heilig vir die Stoney Nakoda, wat uit respek vir dieregeeste alle dele van die dier gebruik om medisyne, dromme en kos te maak. Vir die Métis simboliseer die bewer gelykheid, produktiwiteit en spanwerk. Bewer en die lodge kom voor in baie inheemse skeppingsverhale, sowel as in verhale wat die oorsprong van tabak, medisyne en die seisoene verduidelik.

Baie dankie aan Inheemse Volke Ouderlinge, kunstenaars en gemeenskapslede wat hul insigte oor die bewer se betekenis gedeel het.

Probeer dit!

Sê "bewer" in plaaslike inheemse tale:

- Blackfoot: ksisskstaki (kishk-STAH-kee)
- Tsuut’ina: michadikodi (MEE-cha-dih-GOH-dee)
- Nakoda: chaba (CHAH-bah)
- Michif: kastor (kass-tohr)

Skets met vergunning van Madison Tailfeathers

Vertaling deur Marnel Müller

Friends of Fish Creek Provincial Park Society